

# SIRKELFLITS 4:2021

# NEO-SPEKTRUM



**VIOOLTJIES IN DIE VOORHUIS , VIOOLTJIES BLOU EN ROOI**
**VIOOLTJIES ORAL OP DIE VELD EN ORALS, AI SO MOOI**
**DIT IS DIE MAAND OKTOBER**
**DIE MOOISTE, MOOISTE MAAND!**

**C LOUIS LEIPOLDT**

# JAAR LEER ONS LESSE



## Hier staan ons op die vooraand van nóg 'n jaar verby! Hoe is dit moontlik dat hierdie jaar verby is nog voor ons ons oë kon knip?

Nóg 'n jaar van inperkings en regulasies, met 'n waardering vir die geringste teken dat nog 'n golf uitgery is, dankbaar vir hulle wat *nie* gesterf het nie. Dit is soos daardie kinderlike opgewondenheid as ESKOM net 10 minute vroeër ons krag teruggee as wat beurtkrag voorspel het.

Dink nie enige iemand kan terugsit en vir hom- of haarself sê dat hierdie die allerbeste jaar van onse lewe was nie — behalwe as dit 'n jaar was van 'n nuwe bruid en dalk 'n kleinding op die skoot.

Maar dit was beslis 'n jaar wat vir ons 'n handvol lesse gebring het:

Hoe om die klein dingetjies in die lewe te waardeer; hoe om nie enige iets of iemand vanselfsprekend te aanvaar nie; hoe om 'dankbaarheid' die kussing te maak waarop ons elke aand kniel; en hoe om in die hier en nou te leef… *"want wat baat dit om oor die dag van môre te kwel?"* (Matt 6:34)

Dankie vir almal wat my arms hierdie jaar omhoog gehou het! Dankie vir elke oproep en besoek, elke uitnodiging om by jou aan huis te mag kom, elke boodskap van hoop en bemoediging.

Dankie vir almal wat in die tye wat ons wel bymekaar mag kom in ons Sirkel was. Dankie dat jy saam met ons vir 'n uur op 'n Sondag die Lig, Lewe, en Liefde van God kom hengel, want daarsonder is my lewe klaaglik arm.


Dankie vir ons Leierspan en dat julle in hierdie onsekere tye altyd aan boord is om die seile te hys as die wind ons toelaat, vir jul dapperheid om die skip uit die hawe te stuur na ons volgende bestemming, of soms net anker gooi sodat ons net eers weer na die sterre kan kyk wat ons wys waarheen ons op pad is.

Mag dit 'n geseënde Kersseisoen wees. Reis veilig en wees (steeds) versigtig want hierdie Kroonpespandemie is steeds met ons.

Liefdegroete
Terblanche



## DANKBAARHEID




Terblanche skryf op die vorige blad van dankbaarheid binne Neo-Spektrum (NS) ten spyte van die pandemie.

**Ons is dankbaar dat ons steeds sterk staan na die verskillende pandemiegolwe. Ek wil ook dankie sê aan al die Sirkelvriende vir die ondersteuning wat die Uitvoerende Komitee op verskillende maniere beleef.**

As tesourier van NS het ek natuurlik volle insae in die stand van NS se finansies. Die kollektes in die afgelope finansiële jaar het natuurlik dramaties afgeneem - slegs 65% van die begrote bedrag is inbetaal. Die pluskant is dat die bydraes wat maandeliks inbetaal is 36% meer was as begroot; gevolglik was NS se inkomste uit hierdie twee bronne gesamentlik dit wat begroot is. Ek was net verstom ghoe die geld wat ek "afstandskollektes" begin noem het, ingestroom het.

Dan was daar ook twee donasies - R 150 000.00 & R 212 000.00 - waaroor NS baie dankbaar is.

Die eersgenoemde is in NS for Humanitarian Poverty Relief (HPR) inbetaal. HPR kan Artikel 18A-sertifikate uitreik, maar fondse in HPR kan nie vir lopende uitgawes gebruik word nie. HPR-fondse kan net vir armoedeverligting gebruik word.

Die tweede bedrag is in NS se reserwefonds inbetaal en kan vir lopende uitgawes gebruik word. Dit asook die kollektes en bydraes behoort NS in staat te stel om sy lopende uitgawes tot 31 Desember 2021 na te kom.

Die Uitvoerende Komitee het twee instansies genader vir 'n verdere donasie.

## *STEFAN PRINS*



Stefan is die Sirkelvriend wat Neo-Spektrum se webblad gratis onderhou, weekliks opdateer en so 'n trotse beeld vir NS skep. Hy is onlangs aangestel as die nuwe skoolhoof van HS Bonnievale waar hy tans 'n departementshoof is. Ek haal aan uit die skool se koerant, Voorwaarts. "Baie geluk aan Hoërskool Bonnievale se nuwe skoolhoof, mnr. Stefan Prins. Ons is baie opgewonde oor die nuwe hoofstuk wat ons skool in 2022 sal betree en sien uit na hoe Meneer die skool gaan verryk. Ons wens Meneer alle voorspoed toe!"

***NS dra ook ons gelukwensing aan Stefan oor en wens hom 'n suksesvolle pad toe as skoolhoof op die pragtige Bolandse dorp, Bonnievale.***

# S O M E R F E E S  E N  V E I L I N G

Dit is weer tyd vir **Neo-Spektrum se Somerfees** by **Durbanville Hills** se **The Tangram Restaurant.** NS het na drie jaar steeds 'n trotse verbintenis met hulle. Hulle het ook reeds die **eerste skenkings** vir die veiling gemaak. **Sirkelvriende vier die somer asook Neo-Spektrum se stigting 10 jaar gelede by hierdie geleentheid. Alle kaartjies is uitverkoop.**



- **'n Driegangmaaltyd: The Tangram— Saterdag 13 November 2021**
- **Durbanville Hills skenk weereens die verwelkomingsdrankie**
- **Om 17:30 vir 18:00**
- **Prys: R400**
- **Besprekings en tafelplasing**


**by Ronel Bredenkamp**

**Sel: 083 631 1468**

**E-pos: diva.ronel@yahoo.com**

**U I T V E R K O O P**




## V E I L I N G

**Terblanche Jordaan** & **Edward Smuts**
hanteer weer die veiling

**Soos verlede jaar wil Neo-Spektrum weer <u>OOK ANDER ITEMS</u> as net wyn opveil**

**Skakel Edward Smuts oor skenkings**

**Sel: 082 788 1824**

**E-pos: ed56chris@gmail.com**



# SOMERFEES OOR JARE HEEN

**2017 Voorbereidingskool**





2018 Rochefort

Was 'n fees van kerslig

**2020 The Tangram, Durbanville Hills; Terblanche gebruik die sonsondergang in beeldspraak voor hy die seën vra**



**2019 The Tangram Durbanville Hills**








# NEO-SPEKTRUM: NOVEMBER 2021

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**


- **1 November: Boekgroep**
- **3 November: UK Vergadering**
- **13 November: By Somerfees vier NS 10de bestaansjaar & Wynveiling**
- **21 November: Algemene JV**



## BOEKGROEP (lydialeroux4@gmail.com)

- Vergader om 19:00 op 1ste Maandagaand van die maand by De Rust 9, Queenstraat 2, Durbanville
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopingspunt vir verdere bespreking.
- Op 1 November 2021 gaan Marsia Rossouw die gesprek lei oor Eckhart Tolle se boek A NEW EARTH *Create a better life*
- Marsia skryf:" Dit is 'n boek wat reeds lank saam met my stap. 'n Ontdekkingsreis. Die primêre gedagte: geluk (innerlike vrede) vind jou, juis wanneer jy ophou daarna soek. 'n Kragtige boek wat mens terugbring na die een-voud … "om net te wees"

"Building on the astonishing success of *The Power of Now*, Eckhart Tolle presents readers with an honest look at the current state of humanity: He implores us to see and accept that this state, which is based on an erroneous identification with the egoic mind, is one of dangerous insanity.




Tolle tells us there is good news, however. There is an alternative to this potentially dire situation. Humanity now, perhaps more than in any previous time, has an opportunity to create a new, saner, more loving world."

*Written by Penguin SA*

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com